## BOEKBESPREKING

Dr. G. C. P. van der Vijver: **Professor Dirk Postma. 1818-1890.** Pro Rege-Pers, Bpk., 1958, 500 bll., 32/6 posvry.

Ons het hier die proefskrif waarmee dr. G. C. P. van der Vijver die graad van doktor in die Teologie behaal het in die Teologiese Fakulteit van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Hierdie werk getuig van intensiewe studie. Uit die lys van geraadpleegde bronne kan ons sien hoe omvangryk dr. Van der Vijver se navorsing was. Ons stem saam met wat prof. D. W. Krüger gesê het in sy resensie in **Die Huisgenoot:** „Die legende as sou Postma doelbewus uitgestuur gewees het om 'n kerk te stig, as sou hy hier 'n skeuring kom bewerkstellig het, is danksy hierdie boek vir altyd die nek ingeslaan".

Ons is dankbaar dat die skrywer op bl. 230 en 231 die foutiewe bewering van dr. Gerdener as sou Postma van „Kerkregeling" geskryf het en nie van „Kerkregering" nie, weerlê het. Die stryd het nie slegs oor die Gesange gegaan nie, maar dit was ook 'n stryd oor die Kerkregering. Dit word genoegsaam aangetoon in die „Kerkregtelike implikasie" op bl. 236 v.v.

Ons wil dr. Van der Vijver gelukwens met hierdie standaardwerk in verband die herstigting van die Gereformeerde Kerk. Ons wil dit sterk aanbeveel. Hoewel dit 'n proefskrif is, is die stof in so 'n leesbare trant gebied dat die eenvoudige leser dit met genot sal kan lees.

Hierdie boek is een van die belangryke vrugte van die Eeufeesviering van die Gereformeerde Kerk.

P.J.S. de K.